**Die 20ste eeu:**

**Die Eerste Wêreldoorlog**

**Die mense van destyds het dit die Groot Oorlog genoem. Dit was immers die vernietigendste en mees wydverspreide oorlog wat die wêreld tot in daardie stadium geken het. Aan die einde was nagenoeg agt miljoen soldate dood, die meeste van hulle jong dienspligtiges wat as die 'verlore geslag' bekend sou staan. Die Eerste Wêreldoorlog was in sekere opsigte grusamer as die Tweede...**

**----------------**

**DIT is die jaar 1914 en Europa huiwer op 'n vulkaan wat elke oomblik kan uitbars. Dit moet ook die aartshertog Franz Ferdinand, troonopvolger van Oostenryk-Hongarye, weet toe hy en sy vrou, die hertogin van Hohenburg, op 'n noodlottige dag in Junie in 'n optog deur Sarajevo, Bosnië, beweeg.**

**Wat hy nie weet terwyl hul oop motor stadig in die straat af ry nie, is dat hulle vandag gewelddadig saam die ewigheid sal inskiet. En dat hy daarmee sy merk onuitwisbaar op die geskiedenis gaan laat. Al is hy vooraf gewaarsku dat hy met vuur speel deur as opperbevelhebber van die leër 'n wapenskou in die provinsie Bosnië by te woon, is Franz Ferdinand onverdrote.**

**Skielik gooi iemand uit die skare 'n swart pakkie in die oop rytuig. Franz Ferdinand tel dit op en gooi dit in die straat agter die motor. 'n Oorverdowende ontploffing volg. Van die insittendes in die volgende voertuig en 'n klompie toeskouers word gewond. Die man wat die pakkie gegooi het, word gevang en die opgewondenheid onder die skare bedaar. Die optog gaan voort asof niks gebeur het nie.**

**Later, op pad na die hospitaal waar die aartshertog die gewondes wil besoek, word nog 'n bom na hom gegooi, maar gelukkig ontplof dit nie. Kort hierna is daar weer 'n beweging onder die skare. Voordat iemand kan keer, spring 'n fanatieke student vorentoe.**

**Die jong Serwiese nasionalis Gavrilo Princip brand met 'n pistool los. Hy vuur drie skote, waarvan twee vir Franz Ferdinand tref. Die derde tref sy vrou, terwyl sy hom tevergeefs probeer beskerm. Hulle word die goewerneurswoning binnegedra en sterf binne 'n uur.**

**Kort daarna is dit asof die hel blaak van woede. En hierdie onrus sou uitkring en uitkring totdat dit uiteindelik regoor die wêreld sou brand...**

**Só het die Eerste Wêreldoorlog as 'n plaaslike konflik oor 'n mindere kwessie ontstaan. Met verloop van tyd is die grootste deel van Europa daarin verswelg en al die belangrikste moondhede van die aarde daarby betrek. Hoewel die sluipmoord op**

**aartshertog Franz Ferdinand wel die vonk in die kruitvat was, was dit inderdaad net 'n verskoning om die oorlog te begin en nie die oorsaak daarvan nie.**

**Europa was destyds so ryp vir oorlog dat byna enigiets dit kon laat ontvlam. Een van die redes was dat Europa verdeel was in twee groepe nasies wat vyandig teenoor mekaar was, verder aangevuur deur intense nasionalisme in die verskillende lande en die gevolglike botsings in nasionale belange.**

**Die mense het dit mettertyd die Groot Oorlog genoem. Dit was immers die vernietigendste en mees wydverspreide oorlog wat die wêreld tot in daardie stadium geken het. En ofskoon die burgerlike lewe nie so ontwrig en eiendom nie so verwoes is soos in die Tweede Wêreldoorlog nie, was die Eerste Wêreldoorlog in sekere opsigte grusamer. Dit is deels omdat die wêreld destyds minder voorbereid was op die uitwerking van só 'n groot oorlog en deels weens die onmenslike maniere waarop dit gevoer is.**

**Die Eerste Wêreldoorlog was grotendeels 'n dooiepunt-konflik van loopgraaf-oorlogvoering. Daar was twee teenoor mekaar liggende linies van loopgrawe van die Alpe in die suide tot aan die Belgiese kus in die noorde, met al die moordende ontberings wat daarmee saamgegaan het.**

**Twee nuwe wapens -- tenks en vliegtuie -- is aangewend, wat uiters belangrik in latere oorloë sou word. 'n Nuut ontwikkelde loopgraaf-mortier is ook gebruik. Gifgas is in gevegte gebruik, maar weens sy dodelike uitwerking is dit in daaropvolgende oorloë so goed as verbied. Die wapens wat die meeste gebruik is, was die ouer soorte soos masjiengewere, handgranate en kanonne.**

**Die eerste oorlogsverklaring was deur Oostenryk-Hongarye teen Serwië op 28 Julie 1914. Voordat vrede op 11 November 1918 gesluit is, was 28 nasies regstreeks betrokke (as 'n mens die Britse Ryk, waarvan Suid-Afrika 'n deel was, as een tel).**

**Aan die een kant was die Geallieerdes, wat die oorlog gewen het: die Britse Ryk (en dus ook Suid-Afrika), Frankryk, Rusland, België en Serwië -- en later Japan, Italië, Amerika en nog sestien state.**

**Hulle het geveg teen die Sentrale Moondhede, die verloorders: Duitsland, Oostenryk-Hongarye, Turkye en Bulgarye.**

**Die oorlog het die einde van 'n tydvak beteken, van 'n oënskynlik stabiele tydperk waarin groot ryke met of teen mekaar stelling ingeneem het om te probeer keer dat een nasie te magtig word.**

**Vier ryke het in duie gestort: dié van Oostenryk-Hongarye, Duitsland, Rusland en die Ottomaanse Ryk (Turkye).**

**Nege nuwe state is in Europa geskep: Hongarye, Oostenryk, Tsjeggo-Slowakye, Joego-Slawië, Estland, Letland, Litaue, Pole en Finland. In die Midde-Ooste is Irak, Sirië, Libanon, Egipte, die Hedjas, Transjordanië en Palestina uit die Ottomaanse (Turkse) Ryk gekerf.**

**Die oorlog was ten minste deels verantwoordelik vir die welslae van die Russiese Revolusie en die opkoms van die Kommunisme. Daarna het die oorsese besittings van Brittanje vinniger van 'n ryk tot 'n statebond begin verander, wat van kardinale belang ook vir Suid-Afrika was. Daarby het die oorlog Frankryk van mannekrag, hulpbronne en krag beroof.**

**En Amerika, wat hom vir die eerste keer met Europese aangeleenthede bemoei het, wou nie 'n wêreldleier wees nie en het hom soos 'n skilpad in 'n dop van afsondering ingetrek en geweier om hom by die Volkerebond aan te sluit.**

**Baie mense het aan die Eerste Wêreldoorlog gedink as die "die oorlog wat alle oorloë sou beëindig" en het daarna gestreef "om die wêreld vir demokrasie te beveilig". Weens 'n onrealistiese vredesverdrag, 'n swak Volkerebond, 'n wêreldwye ekonomiese depressie, die opkoms van fascisme en minder bevoegde staatsmanne het die oorlog die teenoorgestelde uitwerking gehad. Dit het so te sê verseker dat die Tweede Wêreld sou uitbreek.**

## SUID-AFRIKANERS IN DIE EERSTE WÊRELDOORLOG

**OMDAT Suid-Afrika toe nog 'n deel van die Britse Ryk was, was ons land outomaties betrokke toe Brittanje teen Duitsland oorlog verklaar het. Die besluit deur Louis Botha se regering om DuitsSuidwes-Afrika of "Duitswes" (nou Namibië) binne te val, het die Boererebellie van 1914 laat ontbrand. Baie Suid-Afrikaners, onder wie die latere eerste minister genl. Jan Smuts, het hulle in krygstogte in Oos-Afrika en in die Somme in Frankryk onderskei. Sowat 12 000 Suid-Afrikaners het in die oorlog gesterf.**

---

Terug na inhoudsblad -- klik hier

---

Ons Wonderlike Wêreld op CD, 2004 - Uit Huisgenoot se Jongspan